

GALLO IMAGES/GETTY IMAGES

**N**ET mooi niks streef die dag se spanning so goed weg soos 'n luilekker, lang bad of die sensasie van honderde waterdruppels op jou moeë lyf terwyl jy in die stort staan nie. Maar kan jy regtig sorgvry in jou badkamer ontspan of moet jy elke keer teen alles vaskyk waaraan jy dringend aandag moet gee?

Dit is 'n ware belegging om jou badkamer op te knap sodat dit nie net beter lyk nie, maar alles daarin ook beter werk. Daarom is dit belangrik dat jy tyd daaraan moet bestee om alles eers deeglik te beplan en op die fynste besonderhede te let. Gelukkig hoef die proses van herstel, verbetering en die hervorsiering van jou badkamer nie jou spanningsvlakke die hoogte te laat inskiet nie.

Gaan loer by jou naaste verbruikerskampioen, Cashbuild, in. Hier sal jy nie net die nuutste benodigde aantref om jou badkamer op te kikker nie, maar ook waardevolle wenke kry. Al hul keramiekprodukte – wasbakke, panne, staanders, spoelbakke sowel as hul baddens – word plaaslik vervaardig en is van hoogstaande gehalte. Om alles vir jou makliker te maak is al die produkte in hierdie reeks in dieselfde kleure as die baddens te kry. Jy kan daarom 'n volledige stel in die kleur van jou keuse koop.

Jy kan tussen drie verskillende groottes wit wasbakke kies en bypassende keramiek-toiletrolhouers en seepbakkies is ook beskikbaar. Voeg basiese bykomstighede, beligting en voldoende ventilasie by en siedaar! Jou badkamer het 'n splinternuwe voorkoms. □

**Cashbuild**  
GERALTE DOORMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYS!  
150 Winkels in alle owerdele van die groot verspreidingsgebied Suid-Afrika



# KIKKER jou badkamer op

## WENKE VIR JOU BADKAMER

**Wasbak** Sorg dat daar genoeg ruimte vir jou elmboë en vir staanplek voor die wasbak is.

**Bad** Sorg dat jy die regte plek vir jou bad kies. Bou eers 'n raamwerk van bakstene en laat dit droog word.

Sodra die waterpype gelê is, moet jy riviersand binne in die raam gooi sodat die bad daarop kan rus. Dit sal keer dat dit kraak of rondskuif. Plaas die bad nou in die raamwerk, verseël die hoeke, pleister die bakstene en rond dit af met teëls of verf.

Cashbuild se badreeks is in die standaard-lengte van 1,7 m te kry. Dit is in verskeie

kleure beskikbaar: wit, blou, pienk, amandel en avokado. Die keramieklaag beskerm jou bad teen muff en kan ook maklik met reiniger skoongemaak word.

Jy kan selfs 'n wit bad oorweeg wat in 'n hoek pas. Dit beslaan minder ruimte en verleen 'n heel nuwe voorkoms aan jou badkamer.

**Stort** As jou stortkop bo die bad is, behoort jy die omringende mure tot op 'n hoogte van minste 500 mm bo die bad of tot teen die plafon met keramiek- of mosaïekteëls te teël om teen waterspatsels te beskerm.

'n Stort help jou ook water bespaar – jy gebruik net eenderde van die hoeveelheid water wat tydens 'n gemiddelde bad ingetap word. Dis ook meer higiënies.

Cashbuild het stortdeure wat voorsien word deur AGI – die bedryfsleier vir glas- en aluminiumprodukte en 'n bekende handelsnaam op hierdie gebied.

Al die stortdeure het 'n natuurlike ge-anodiseerde aluminiumraam. Die driedelige voudeur met ondeursigtige glas is in 'n hoogte van 0,9 m en 1 m beskikbaar. Kyk ook gerus na die helder glas- en ondeursigtige glas-spieldeure ("pivot doors"). Hierdie reeks sluit ook stortbakke in.

**Cashbuild het ISCA-kranes wat deur die SABS goedgekeur is, sowel as Ceramic Industries-produkte in voorraad.**

■ Die produkte word ontwerp om aan die gevorderdste tegnologiese standaarde te voldoen. Die reeks sluit wasbakke, spoelbakke, staanders en toiletbassis in.

■ Die kraan-reeks bestaan uit stortkoppe, opwasmeng-kranes, stopkranes en 'n reeks onderdele vir kranes.

■ Gaan na [www.cashbuild.co.za](http://www.cashbuild.co.za) of bel die Cashbuild-hulplyn by 0860-100-582 vir meer inligting.

By die verbruikerskampioen **Cashbuild** sal jy alles kry wat jy nodig het om jou badkamer op te knap

LINKS: AGI-stortdeure. REGS (van links na regs): Die ISCA-badkraan, opwasbak-kraan en 'n vyfstuk-badkamer-suite.

